

Titel: Beste preek ooit
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 27 Februarie 2011
Tyd: 09h30



Norms van die koninkryk

- **koninkryke gedefinieerd**

Matt 8:10-12

¹⁰ Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie. ¹¹ Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. ¹² Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis.

Matt 7:21-23

²¹ Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. ²² Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? ²³ En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Matt 5:3-12

³ Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. ⁴ Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. ⁵ Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. ⁶ Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. ⁷ Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. ⁸ Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. ⁹ Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. ¹⁰ Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. ¹¹ Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgd en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. ¹² Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolgd wat voor julle gewees het.